higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N130**(E)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KLEDINGKONSTRUKSIE N5

(10010505)

5 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KLEDINGKONSTRUKSIE
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: KORT VRAE 50 punte
   AFDELING B: LANG VRAE 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin elke antwoord op ‘n nuwe bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Skouerskussings word gebruik om …

A ronde of knopperige skouers te kamoefleer
B die moukom te vul
C die mou mooi te laat pof
D te voorkom dat die skouers gekrap word

1.2 Inruiming van volheid word gedoen wanneer …

A ‘n reguit soom ingesit word
B ‘n ingesette mou aangewerk word
C ‘n mou-omslag aangewerk word
D ‘n sak aangewerk word

1.3 Die laag materiaal wat tussen die boonste en onderste kraagstukke is, is die …

A tussenvoering
B ondervoering
C tussenbelegsel
D voering

1.4 Die mou wat as verlenging van die lyfgedeelte gesny word en wat meestal lospassend is, is ‘n … mou.

A ingesette
B Hongaarse
C kimono
D raglan-

1.5 Die metode waarvolgens volheid ingeruim word in ‘n gewone ingesette mou is:

A opnaaisels
B rygplooitjies
C verslapping
D plooie

1.6 Die kraag strek verby die agterste neknaatlyn van die uitrusting:

A snyers
B Peter Pan
C sjaal
D hemp

Kopiereg voorbehou

1.7 ‘n Opening in ‘n baadjie wat agter gevoering is.

A spleet
B slip
C sak
D oop naat

1.8 Reguit stiksel wat in sekere nate gebruik word, aan die regterkant van die uitrusting gedoen word en aan die belegselkant naby die naatlyn.

A Bostiksel
B Onderstiksel
C Randstiksel
D Houstiksel

1.9 Die wegsny van die naatspeling voor gelykmaking om eweredige wydte te verkry.

A Uitknipsel
B Gelykmaking
C Keping
D Afwerking

1.10 Hierdie naatspeling word bedek met ‘n belegsel of binnekant van die uitrustingkonstruksie.

A Ingeslote naat
B Geslote naat
C Oop naat
D Enkelnaat

1.11 Die beste metode om patroonafmerkings oor te dra op passing is om … te gebruik.

A kryt
B merkpenne
C deurslagsteke
D tekenpenne

1.12 Wanneer ‘n aparte knoopstrook aan ‘n hemp gewerk word, word knoopsgate geposioneer:

A Vertikaal
B Horisontaal
C Diagonaal
D Nie een van bogenoemde nie

1.13 Watter sak is die kleinste wat betref grootte?

A Heupsak
B Geldsak
C Aangewerkte sak
D Kantstrooksak

Kopiereg voorbehou

1.14 Kantstrooksakke word op die uitrusting gestik …

A voordat die some gestik word
B nadat die some gestik is
C nadat die skouernate gestik is
D nadat die patroonmerke oorgedra is

1.15 ‘n Hakie en trensie word gebruik op …

A ‘n snyerspleet
B ‘n rok in die middel agter
C die lyfband van ‘n mansbroek
D die gulp van ‘n mansbroek

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 2

Kies ‘n woord uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Snyersmou	A	naat
2.2	Kraag	B	omgeboor
2.3	Broeksoom	C	kontoer
2.4	Omboorsel	D	riffelstuk
2.5	Platnaat	E	speld
2.6	Pylnaat	F	skuinsband
2.7	Sak	G	sjaal
2.8	Dolman-mou	H	tweestukmou
2.9	Breidrag se neklynafronding	I	mou
2.10	Opnaaisel	J	plooi
		K	omslag

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 ‘n Amerikaanse skouerstuk het geen naat op die skouerlyn nie.

3.2 Die geskikste vasmakers om met ‘n knoopstrook te gebruik, is ritssluiters.

3.3 ‘n Franse pylnaat strek diagonaal van die synaat, middellyn of heuparea na die bors.

3.4 Riffelstuk is veral geskik vir sweetpakke.

3.5 Die mouboordjie word aangewerk voor die spleetopening op die hempkant gemaak word.

3.6 Die gulpopening op mansbroeke sluit links oor regs.

3.7 ‘n Skuinsbelegsel is gevormde belegsel waarin sowel die nek- as armholtes afgerond word deur dieselfde belegseleenheid.

3.8 Omgeboorde knoopsgate is geskik vir deurskynende materiaal.

3.9 Horisontale knoopsgate word op mouomboorsels gemaak.

3.10 ‘n Snyersoom word gebruik om die rafelkant van die uitrusting af te rond.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50


Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Bestudeer die volgende skets van ‘n mansbroek en beantwoord die vrae:

4.1 Identifiseer elk van die volgende soos dit op die mansbroek voorkom:



4.1.1 Beltbandjies (1)

4.1.2 Sakke (2)

4.1.3 Lyfbandafwerking (1)

4.1.4 Vasmaker (1)

4.1.5 Naat middel agter (1)

4.2 Noem die dekoratiewe steek wat op ‘n broek gebruik word. (1)

4.3 Beltbandjies word dikwels op broeke gebruik.

Verduidelik hoe om beltbandjies aan die middellyn te heg nadat dit voorberei is. (4)

4.4 Noem TWEE plekke waar die trensie-opnaaisel op hierdie broek gebruik word. (2 × 2) (4)

4.5 Wat is die doel van die trensie-opnaaisels? (2)

4.6 Bostiksel kan op die broek gebruik word.

Hoe verskil bostiksel van normale stiksel? (4)

Kopiereg voorbehou

4.7 Bespreek die volgende tipes steke:

4.7.1 Houstiksel

4.7.2 Bostiksel

4.7.3 Onderstiksel

4.7.4 Skadustiksel

(4 × 2) (8)

4.8 Verduidelik die volgende terme wat in die konstruksie van ‘n kraag gebruik word:

4.8.1 Neklyn

4.8.2 Styllyn

4.8.3 Rollyn

4.8.4 Stand

4.8.5 Val

(5 × 2) (10)

4.9 Bestudeer die illustrasie van ‘n manshemp en beantwoord die vrae:

4.9.1 Benoem die soort skouerstuk wat hierbo illustreer word. (1)

4.9.2 Verduidelik die konstruksieproses van die tipe skouerstuk wat hier bo illustreer word. (8)


4.10 Gee TWEE kenmerke van wolmateriaal. (2)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bestudeer die volgende skets van ‘n mansuitrusting en beantwoord die vrae.



5.1 Identifiseer die tipe kraag op die hemp **(a)**. (1)

5.2 Identifiseer die tipe sak wat op die baadjie gebruik is **(b)**. (1)

5.3 Identifiseer die tipe masjiensteek op die sak van die baadjie **(b)**. (1)

5.4 Op watter VYF maniere kan die hoeke van ‘n aangewerkte sak versterk word?

(5 × 2) (10)

5.5 Identifiseer die soort naat op die middelse agterkant van die baadjie **(a)**. (1)

5.6 Watter middellynafwerking word op die broek gebruik? (1)

5.7 Watter voorsorg kan getref word om te voorkom dat die sakwerk aan die regterkant van die uitrusting wys? (2)

5.8 Vergelyk die sluiting van vasmakers op mans- en damesklere. (2)

5.9 Watter tipe mou word op die jas gebruik **(b)**? (2)

Kopiereg voorbehou

5.10 Identifiseer die vasmakers wat op die lyfband van ‘n broek gebruik word **(a)**. (1)

5.11 Noem TWEE plasings van volheid wat op die baadjie gebruik is **(b)**. (2)


5.12 Masjientrensierygsteke word dikwels op mansbroeke gebruik word.

Noem VIER posisies op broeke waar dit gestik kan word. (8)

5.13 Verduidelik die konstruksieproses van die tipe kraag wat op die baadjie illustreer word **(b)**. (18) **[50]**

VRAAG 6

Bestudeer die skets van ‘n sweetpaktop (breidrag) en beantwoord die vrae.



6.1 Naatkeuse vir breistof is gebaseer op TWEE oorwegings. Noem hulle. (2 × 2) (4)

6.2 Identifiseer die tipe vasmaker wat op ‘n broek gebruik word. (1)

6.3 Gee die rede waarom dit geskik is vir hierdie soort broek. (2)

6.4 Identifiseer die tipe mou vir die bostuk. (1)

6.5 Definieer die tipe mou van die bostuk. (2)

6.6 Wat kan jy doen om te voorkom dat nate in breistof uitrek? (4)

6.7 Definieer *skouerkussings.* (2)

6.8 Noem die DRIE soorte skouerskussings. (6)

6.9 Bespreek die VIER gehaltestandaarde van sakke. (4 × 2) (8)

6.10 Bespreek die DRIE doelwitte vir die gebruik van tussenbelegsel in 'n uitrusting. (3 × 2) (6)

6.11 Definieer *Amerikaanse skouerstuk.* (2)

6.12 Noem VIER soorte opstaankrae. (4)

6.13 Definieer die volgende tipes belegsel:

6.13.1 Gevormde belegsel

6.13.2 Verlengde belegsel

6.13.3 Skuinbelegsel

6.13.4 Kombinasiebelegsel

(4 × 2) (8)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou